Ondersteunings-dienste vir Ontwikkeling

'n Verwysingsgids vir gemeenskappe in die Wes-Kaap

ERKENNINGS

Die Departement van Maatskaplike Dienste en Armoedeverligting wil graag die onderstaande organisasies bedank vir hulle bydraes tot die ontwikkeling van hierdie hulpbrongids:

- **Consultus** vir die navorsing en die ontwikkeling van die databasis
- **Foundation for Contemporary Research** vir die bestuur van die projek
- **Mediaworks** vir die ontwerp en uitleg

VRYWARING

Die skrywers wil beklemtoon dat hierdie publikasie 'n onvoltooide werk is. Nie alle ontwikkelingsgerigte dienste en organisasies is dus hierby ingesluit nie. Die gids is 'n poging om toeganklikheid te bevorder en om mense met die toepaslike maatskaplike dienste in aanraking te bring ten einde na hulle besondere behoeftes om te sien. Ons erken die tekortkominge en/of weglatings ten opsigte van hierdie publikasie. Om dié rede moet u dus nie huiwer nie om ons by **0800 220 250** te skakel sodat ons ons elektroniese databasis kan bywerk.

Verdere kopieë van hierdie hulpbrongids is verkrygbaar by:
Die Departement van Maatskaplike Dienste en Armoedeverligting:
Union Gebou, Victoriastraat 14, Kaapstad 8001
Privaat Sak X9112, Kaapstad 8000

Tel: **0800 220 250**

Voorwoord

Die waardevolste hulpbronne in ons moderne samelewing is kennis en toegang tot inligting. Dit is dikwels so dat noodlydende mense gehelp sou kon word indien hulle geweet het waar en hoe om toegang tot sodanige bystand te bekom. Dit is duidelik dat ons oor 'n magdom organisasies beskik wat ons gemeenskappe dien — wat tot stand gekom het weens die ontsaglike nood in daardie gemeenskappe. Sedert die ontstaan van ons demokrasie was daar sodanige ingrypende verandering in die verskeidenheid dienste wat vir ons gemeenskappe beskikbaar is dat dit lankal nodig is dat ons 'n aktiewe databasis van diensverskaffers, soos hierdie hulpbrongids, opstel en in stand hou.

Die visie van die Departement van Maatskaplike Dienste en Armoedeverligting in die Wes-Kaap is om 'n selfstandige samelewing tot stand te bring, en ons missie is "om op 'n ontwikkelingsgerigte wyse vir 'n maatskaplike veiligheidsnet vir die armes, die kwesbares en diegene met spesiale behoeftes voorsiening te maak". Vanselfsprekend kan die regering dit nie alleen doen nie. Volgens hierdie hulpbrongids is dit duidelik dat ons oor heelwat organisasies in die burgerlike samelewing beskik wat tot sodanige veiligheidsnet bydra. Hierdie publikasie gee erkenning aan die verhouding tussen die regering en organisasies in die burgerlike samelewing as een waarin vennootskappe bestaan wat mekaar wedersyds versterk, en huldig dit. Ons is deeglik bewus daarvan dat nie alle betrokke diensverskaffers in hierdie publikasie, as 'n eerste poging, opgeneem is nie is. Ek wil egter van die geleentheid gebruik maak om daardie diensverskaffers wat nie in hierdie publikasie opgeneem is nie, uit te nooi om die tolvrye nommer wat verstrek word, te bel en hulle inligting te verskaf.

Hierdie hulpbrongids is myns insiens 'n waardevolle hulpbron vir ons gemeenskappe wat hulle daartoe in staat sal stel om toegang te kry tot dienste waarvan hulle voorheen nie bewus was nie, maar dat dit ook vir die organisasies self 'n hulpbron sal wees wat hulle sal help om aanknopingspunte by mekaar te kry waardeur hulle volhoubare vennootskappe met mekaar sal kan opbou.

Dit is my opregte wens dat die waarde wat hierdie hulpbrongids meebring, die maatskaplike kapitaal wat daar in ons gemeenskappe bestaan, waarlik sal vergroot en dat dit 'n belegging in ons toekoms sal wees.

Marius Fransman
Minister van Maatskaplike Dienste en Armoedeverligting

Inhoudsopgawe

- **Inleiding:**
  HOE OM HIERDIE GIDS TE GEBRUIK i
- **Hoofstuk 1:**
  NOODDIENSTES 1
- **Hoofstuk 2:**
  VEILIGHEID EN REGSDIENSTE 5
- **Hoofstuk 3:**
  MAATSKAPLIKE TOELAES 11
- **Hoofstuk 4:**
  ALGEMENE MAATSKAPLIKE DIENSTE EN GEMEENSKAPS-ONTWIKKELING 15
- **Hoofstuk 5:**
  MAATSKAPLIKE DIENSTE—VROUE EN KINDERS 31
- **Hoofstuk 6:**
  MAATSKAPLIKE DIENSTE—MENSE MET GESTREMDHEDE 43
- **Hoofstuk 7:**
  MAATSKAPLIKE DIENSTE—OUER PERSONE 49
- **Hoofstuk 8:**
  MAATSKAPLIKE DIENSTE—DRANK-/DWELMMISBRUIK 55
- **Hoofstuk 9:**
  MAATSKAPLIKE DIENSTE—HAWELOOSHEID 59
- **Hoofstuk 10:**
  BEHUISING 63
- **Hoofstuk 11:**
  GESONDHEID EN MIV/VIGS 69
- **Hoofstuk 12:**
  ARBEID, WERKSKEPPING EN KLEINSAKEONTWIKKELING 75
- **Hoofstuk 13:**
  GRONDRESTITUSIE, LANDBOU EN LANDELIKE ONTWIKKELING 83
- **Hoofstuk 14:**
  OPLEIDING EN INLIGTING 89
- **Hoofstuk 15:**
  BEFONDSING BESKIKBAAR BY PROVINSIALE DEPARTEMENTE 97